# PERCHERON Nuus ~ News

**-Merry Christmas and a Prosperous 2012-Geseënde Kersfees en ‘n Voorspoedige 2012-**

## Uit die Redakteur se pen

**2011** was ‘n besonderse jaar vir die Percheron. Percheron geesdriftiges van regoor die wêreld het byeen gekom vir die Percheron Wêreld Kongres in September. Lees meer oor hierdie unieke gebeurtenis wat slegs elke 11 jaar in Frankryk aangebeid word. Op die tuisveld was die jaar gekenmerk deur oorwinnings in die skou-en vertoon arenas. Die inskakeling by Sekretariaat en die positiewe bywoning van die Algemene Jaarvergadering is ‘n teken van die vooruitgang wat die Genootskap beleef het. Lees meer oor nuus vanaf telers en nog nuwe genetika wat Suid-Afrika binnekom in 2012.




‘n Geseënde Kerstyd en ‘n

Besonderse 2012 word u toegewens

**Edition 2/2011-December**

## In this Edition

1. Uit die Redakteur se pen
2. Percheron World Congress
3. Telernuuus/Breeders News
4. Nuwe genetika
5. Horse of the Year 2012
6. Office/Admin-Kantoor
7. .Contact

# 2. PERCHERON WORLD MONDIAL

What greater event can there be when so many Percheron horses and enthusiasts get together?
The 2011 World Percheron Mondial had all the elegance, magic and the beautiful surroundings to host such an awesome event. This event is held every 11 years in France. Every other 3 years it is held in either the USA or Canada. More than 500 Horses would be shown over the coming days.
Four studs, each on their own initiative represented South-Africa. Johan Henning - Summerwind Stud, Klaas van Wyk- Mafura Stud, Jan-Paul Lubbinge-Monteniqua Stud and myself– Nicolandreas Stud participated in this 3day event.
The Mondial started on the 23rd of September for foreign delegations and 24th-25th September for local trade. We received a warm welcome. We were entertained with great food and drinks in the Castle from where we moved on to the Conference hall for the International Convention.
Delegations from Japan, Australia, Canada, Italy, Ireland, Germany, England and Brazil where introduced. Discussions about the Percheron horse as a partner in sustainable development , working with Percheron horses in logging, working in vineyards and the possible way to standardise working equipment for draught horses were held. Other speakers included Mr Robert Black from Canada and Mrs Elwyn Park from Australia. The representative of the SHPF, Marion Lhote mentioned the need for mutual recognition of Percheron Studbooks across the world based on a international uniform breed standard. All these matters have been discussed for the improvement of the Percheron breed in the Global environment


Photo by: Jean Leo Dugast










Buitelandse groepe is die Vrydagaand op eg Franse styl,met kos en wyn getrakteer. Tydens hierdie geleentheid het die SHPF 'n toekenning aan die Suid-Afrikaanse Genootskap se President oorhandig as waardering en aanmoediging vir wat die Genootskap doen vir die uitbou en bevordering van die Percheron ras in Suid - Afrika. Die gasvryheid en joviale gesindhied van die Franse sal vir lank onthou word.
24 September was die Kampioenskap van die hingste en die amptlike opening van die Mondial. Die verskeidenheid stalletjies van harnasse, perdekuns , collars, maraton en werks karretjies was voorwaar 'n plesier vir die oog. Tussendeur was daar vertonings aangebied in verskillende arenas. Percherons wat ploeg, in n boord werk, Percherons wat gery word, "Marathon Carriage driving" en toertjies was van die items wat gedurende die 2 dae vertoon is. Die kampioenskap van die hingste is vir talle toeskouers die hoogtepunt gewees. Hingste word geskou tussen 2.5 jaar en 3.5 jaar. Alhoewel daar ouer hingste ook geskou word,is die fokus op die jonger hingste.
Die Hingste word ook geklas tussen Trait (Swaar tipe) en Diligencier( Ligte) tipe. Tydens die geleentheid was daar ook hingste vanuit Amerika en Engeland.
Die dag is afgesluit met 'n spog dinee waartydens 'n Percheron vertoning aangebied is. Die Percheron ras se uitstaande kenmerke en eienskappe het tydens elke vertoning navore gekom. Van absolute gehoorsaamheid vir die blootsruiter tot die perfekte balans vir die akrobaat.Erkening moet gegee word vir die Engelse se puik "turnout" tydens elke vertoning. Daar is tot laat saam met passievolle mede Percheron eienaars gekuier.

# PERCHERON WORLD MONDIAL

**Die** Kampioenskap van die vroulike diere het op die 25 ste plaasgevind. Die vroulike diere word geskou, merries bo 2,5jaar en merries bo 3.5jaar. Merries met vullens (verskillende ouderdomsgroepe) en dan die familiegroepe. Die sonnige weer en aangename temperatuur was 'n bonus tydens die Mondial.
Talle unieke belewenisse het elke dag gekenmerk. 'n Tradisionele Duitse Bierwa met ses swart hingste is vertoon. Die gevoel om hierdie te sien en te hoor met die klokke wat onder die "Collar" hang het geklink asof Kersfeer reeds met ons was. Die Engelse se 1913 Waterkanon, steeds in 'n werkende toestand het vergange se dae nie so ver laat voel nie. Die De La Meule stoet het talle ou werkstoerusting uitgestal wat deurentyd met 'n Percheron vooraan vertoon is.
Die gebruiklike gewigtrek het ook nie agterwee gebly nie, en dit bly steeds ongelooflik hoe sterk 'n goed versorgde Percheron is. Akrobatiese vernuf met Percheron perde was ook te sien. Die gebruik van Percherons vir die uitsleep van houtstompe in die woude is vertoon deur Christine Salle—werklik n belewenis











Photo by: Jean Leo Dugast



Die ingevoerde hings, Hannah Hill Kemo Sabe en die Engelse hings, Willingham Hempsall is ook vertoon. Soos die ure verby getik het, het kongresgangers hul laaste inkopies gedoen. Die SHPF het baie moeite gedoen om die verskillende lande publisiteit te gee. In die maandelikse tydskrif "Sabots" was daar 'n 3 bladsy berig oor die Percheron in Suid-Afrika. Die foto deur Jean-Leo Dugast geneem op Dr Peter Dommet se plaas met die berge in die agtergrond, het baie kommentaar geopper en was ook gereeld te sien in boeke en op plakate tydens die Mondial.



Soos die son stadig oor die Kasteel gesak het en ons vir die laaste keer deur die stalle geloop het, wou ek elke reuk, ervaring en woord probeer onthou van hierdie unieke geleentheid.
Tydens die Mondial het ek gesien dat passie vir die Percheron deur oud en jonk gedeel word, dat die perd geëer word vir wat hy in Frankryk se ontwikkeling gedoen het, maar die belangriskte dat die telers elkeen so trots op hul perde is.
Die Mondial in Frankryk is een van daardie ervarings in 'n mens se lewe wat jy net eenvoudig self moet ervaar.-Jan Engelbrecht.







Hannah Hill Kemo Sabe– America



Photo by: Jean Leo Dugast

Willingham Hempsall – English



Photo by: Jean Leo Dugast

Vagabon—French

## 3. Teler Nuus/Breeder News



### Mont-Belle Percheron Stoet

Sedert hierdie nuwe lid aangesluit het gaan hierdie stoet van krag tot krag.Nie net is Desire swanger met hul eersteling nie, maar was sy en Henk van der Hoven baie opgewonde toe hul Elsenburg Minkie by die 2011 Elsenburg veiling gekoop het.

Minkie was reeds in vul van Elsenburg Mystro en klein Clarice het haar opwagting gemaak op 4 November. Elsenburg Minkie sal nou gedek word met Sympa de Bellevue. Hul reun, Mont-Belle Sebastian is afgerig in die tuig en word voorberei vir die 2012 tuigklasse by GHS. Desire sê dat sy en Henk graag in 2012 meer aan "Carriage driving" wil begin deelneem

### Perch-Morg Stoet

Celia Nel het laat weet dat Perch-Morg Fleur dragtig is van Sympa de Bellevue Perch-Morg Odette en Mignon is beide dragtig van Elsenburg Marinus.
Die merrie Trek-Lekker Yvonne word eersdaag gestuur vir 'n dekking by Tennessy Cauvelliere. Celia het ook 'n karretjie laat bou om op die plaas te gebruik. Sy beplan om die perde op die landgoed te laat werk en is voorwaar 'n voorslag by Mnr Jan Morgan se stoet.

### Summerwind Percheron Stoet



Sympa de Bellevue was deel van die span wat die Avis Derby Showjumpers moes inlei by KEP. Die geleetheid is op Supersport uitgesaai. Trek-Lekker Lora het in September 'n hingsvul van Sympa gehad en sy is reeds weer dragtig van Sympa. Elsenburg Myrtle behoort eersdaags haar 2de vul van Sympa te hê.

### Bonkige Bosmar Percheron Stoet

Ons was baie opgewonde toe ons ons nuwe hings, Trek-lekker Yannick, op 27 Junie by Perch-Morg stoet gaan haal het om hom na sy nuwe tuiste in die Vrystaat te neem
Dit is egter met groot hartseer dat ons die nuus met julle moet deel dat ons hom op 28 Oktober moes laat uitsit na hy albei agterbene gebreek het met 'n frats ongeluk. Hy het ongelukkig ook nog nie ons merries gedek nie, maar ons beoog om Bosmar Kristal gedurende hierdie teel seisoen te KI. Ons hoop dat dit wel suksesvol sal wees.





## 4. Nuwe Genetika vir 2012

Die Raad het Mr Gerrie van Zyl se invoeraansoek vir die Amerikaanse hings, Blue Ribbon Farms Prince goedgekeur.



Die Raad het die semenaansoek van Elsenburg om semen van die Franse hings, Pasteur Dubeliere te verkry, goedgekeur



## 5. Horse of the Year Show



2012 Horse of the Year entries has opened.
The show will be held on the 16th February 2012.
Any Registered Percheron horses may enter the Percheron Provincial Championships or the Draught Horse classes.
Entries can be found on the Gauteng Horse Society's Website.
www. ghs.co.za or contact the coordinator. Jan Engelbrecht.

## 6. Office & Admin Kantoor

**Finansies**
Some membership fees are still outstanding.

**Aansoek vir Keuring**
Stel die kantoor in kennis indien u perde wil laat keur.
'n Keuringsaansoekvorm moet ingevul word voordat 'n keuringsdatum geskeduleer word.

Indien lede perde te koop het, laat weet asb die kantoor.
E-pos: marisa@studbook.co.za

## 7. Contact details

Thank you for reading the Percheron News. A Special thank you to all the members who contributed to this edition. For any information, comments or news please contact the Editor.
Next edition: **March/April 2012**

**Editor: jengelbrecht@vodamail.co.za**


President: Jan Engelbrecht
082 855 7633

Vice-President: Sampie Marias
082 446 8613

Secretary:
Marisa Nel
marisa@studbook.co.za